
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## JUNIE 2025

# GESKIEDENIS V2 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 21 bladsye.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1. **BRONGEBASEERDE**

1.1 **Die volgende kognitiewe is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGSTOE-KENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante informasie uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30% (15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40% (20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkinge. | **30% (15)** |

1.2 **Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om ŉ standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punt te verdien.

1.3 **Assesseringsprosedure vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik ŉ regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien ŉ vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**Paragraafvraag**
Paragrawe moet globaal (holisties) geassesseer word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer ŉ antwoord op ŉ paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas ŉ kolpunt (•) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate waartoe die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord, te evalueer.
- Maak regmerkies (√) wat aan die kandidaat vir die paragraaf toegeken is, aan die einde van die paragraaf, sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos in die holistiese rubriek aangedui en gee kommentaar, bv.

_______________ • _______________ • _______________
_______________ • _______________ • _______________
√√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf.

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punt akkuraat na die voorblad van die antwoordeboek oorgedra word.

2. **OPSTELVRAE**

2.1 **Die opstelvrae vereis dat kandidate:**

- In staat sal wees om hul argument op ŉ logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle mooontlik sal wees om ŉ redelike reeks feite of ŉ effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat ŉ opstel ŉ inleiding, ŉ samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en ŉ slot het.

2.2 **Nasien van opstelvrae**

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by ŉ spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by ŉ riglyn vir nasien van ŉ spesifieke opstel.

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.3 **Globale assessering van ʼn opstel**

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die opstel as ʼn geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ʼn individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om ʼn argument te ondersteun. Daar sal **nie** van die leerder verwag word om slegs ‘feite’ neer te skryf om ʼn vlak 7 (hoë punt) te behaal **nie**. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om ‘model-antwoorde’ voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/ daarstelling van ʼn argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag

2.4 **Assessering prosedures van ʼn opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer jy die opstel assesseer.

2.4.2 Gedurende die lees van die opstel moet punte gegee word vir ʼn relevante inleiding, (aangedui deur ʼn kolpunt in die nasienriglyn) elk van die hoofpunte/aspekte wat korrek gekontekstualiseer is (ook aangedui deur ʼn kolpunt in die nasienriglyn) en ʼn relevante slot, (aangedui deur ʼn kolpunt in die nasienriglyn). bv. in ʼn antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL**-struktuur in gedagte by die assessering van die opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met ʼn argument/ ʼn duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet ʼn punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in meer detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| **E** | **Voorbeeld:** Die kandidaat moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant tot die argument is. Relevante voorbeelde moet gegee word om argument vol te hou. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.4.4 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoof aspekte en slot nie korrek gekontekstualiseer nie
- Verkeerde stelling ^ (met 'n lyn onderstreep)
- Irrelevante stelling |
- Herhaling **H**
- Analise **A** √
- Interpretasie I √
- Lyn van argument **LVA** ↕

2.5 **Die matriks**

2.5.1 Gebruik die matriks vir die assessering van opstelle.

In die assessering van ŉ opstel moet die gegewe kriteria in die rubriek gebruik word. In die assessering van die opstel moet aandag gegee word aan beide die inhoud en die aanbieding. By die punt van kruising tussen die inhoud en die aanbieding moet ŉ punt gegee word.

(a) Die eerste lesing van die opstel sal wees om te bepaal tot watter mate die hoof aspekte gedek is en om die **inhoudsvlak** te bepaal (in die rubriek)

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede lesing van die opstel sal verband hou met die vlak van **aanbieding** (in die rubriek).

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 5 | |

(c) Gee ŉ algehele punt deur die matriks te gebruik.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | } 30–33 |
| A | VLAK 5 | |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## Rubriek vir die assessering van opstel: TOTAAL: 50

| | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **AANBIEDING** → <br> **INHOUD** ↓ | Baie goed en gestruktureerd. Goeie sintese van inligting. 'n Goed gebalanseerde en onafhanklike argumentslyn is ontwikkel met bewyse. Argument deurgans volgehou en verdedig. | Goed beplan en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argumentslyn gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. | Goed beplan en gestruktureerde opstel. 'n Duidelike argumentslyn ontwikkel. Gevolgtrekkings vanaf bewyse verkry. Onafhanklike gevolgtrekking. Bewyse gebruik om gevolgtrekking te ondersteun. | Argument bepal en gestruktureer<br><br>Getuienis gebruik om argument te ondersteun.<br><br>Slotsom op grond van getuienis. | Toon soms bewyse van 'n gestruktureerde en beplande argument.<br><br>Poog om 'n argumentslyn vol te hou.<br><br>Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur getuienis nie. | Poging aangewend om 'n antwoord te struktureer.<br><br>Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer. |
| **VLAK 7** Vraag is ten volle beantwoord. | 47-50 | 43-46 | | | | | |
| **VLAK 6** Vraag is beantwoord. Inhoud seleksie relevant tot die argument wat gevolg is. | 43-46 | 40-42 | 38-39 | | | | |
| **VLAK 5** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud genoegsaam en relevant. | 38-39 | 36-37 | 34-35 | 30-33 | 28-29 | | |
| **VLAK 4** Vraag herkenbaar in antwoord. Gebreke ten opsigte van inhoud of irrelevante inhoudseleksie. | | | 30-33 | 28-29 | 26-27 | | |
| **VLAK 3** Inhoudseleksie hou verband met die vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26-27 | 24-25 | 20-23 | |
| **VLAK 2** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20-23 | 18-19 | 14-17 |
| **VLAK 1** Vraag ontoereikend beantword. Ontoereikende of irrelevante inhoud. | | | | | | 14-17 | 0-13 |

### Riglyne vir allokasie van Vlak 1 punt:

- Vraag nie geaddreseer/total irrelevante inhoud; geen poging om opstel te struktueer nie = 0
- Inhoud keuse sluit basiese en algemene irrelevante inligting; geen poging om opstel te konstrueer nie = 1-6
- Vraag ontoereikend geaddresseer en vaag; geen poging om opstel te struktueer = 7-13

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: WATTER ROL HET DIE SUID-AFRIKAANSE RAAD VAN KERKE (SARK) IN DIE STRYD TEEN APARTHEID IN DIE 1980's GESPEEL?

1.1 1.1.1 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 1A – V1]*
- Die politieke, ekonomiese en sosiale skeiding van rasse op grond van hul velkleur
- Afsonderlike ontwikkeling van verskillende rassegroepe
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Baie mense is in die 1980's vermoor en gemartel
- Die 1980's was 'n tyd van uiterste geweld en onderdrukking deur die apartheidsregering
- Mense het in vrees in die townships geleef met die permanente teenwoordigheid van die weermag
- Die noodtoestand het die weermag/polisie meer mag gegee om enige weerstand met wreedheid te onderdruk
- Hulle het gedurende hierdie tydperk leiding, troos en gevoel van hoop verskaf
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- 'daar was 'n dieper begrip van die bevrydingsbewegings' (1 x 2) (2)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- As die apartheidsregering nie apartheid beëindig nie, sal meer aggressiewe middele gebruik word om dit te weerstaan
- Guerrillastrategieë sal deur die weerstandsbewegings gebruik word as die regering nie sy beleide verander nie
- Die regering moet die veranderinge binnekort implementeer, anders sal daar dade van sabotasie en terrorisme wees
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2 1.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Geweldlose metodes wat voorheen gebruik is, het geen verandering in die regering se beleide opgelewer nie
- Om geweld met geweld te beveg
- Die minderheidsregering het slegs kosmetiese veranderinge geïmplementeer
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- 'sy beskeidenheid (nederigheid) was 'n struikelblok in die vryheidstryd' (1 x 2) (2)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*

- Hy was ŉ liberale kerkleier wat nie-geweld gepreek het
- Hy moes die konflikte in Alexandra en by Ashley Kriel se begrafnis versprei omdat dit swart-op-swart swart geweld was
- Beide opponerende groepe het geluister en Tutu gerespekteer omdat hy ŉ kerkleier was
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2.4 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 1B – V2]*

- Wanneer die burgerlike samelewing apartheidswette doelbewus ondermyn
- Weerstand teen onregverdige apartheidswette in die 1980's
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- 'ŉ veldtog teen hom beplan'
- 'verspreiding van anti-Tutu pamflette en plakkers'
- 'betogers is betaal'
- 'sy vrou geteister' (enige 2 x 1) (2)

1.3 1.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*

- Om te wys die kerk het by die stryd teen apartheid aangesluit
- Dit was bewys dat die Komitee vir die Verdediging van Demokrasie bestaan het
- Die foto toon dat verskillende rassegroepe vryheid, demokrasie en gelyke regte wou hê
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*

- 'Frank van de Horst'
- 'Allan Boesak'
- 'Desmond Tutu'
- 'Prof. Jakes Gerwel' (enige 2 x 1) (2)

1.3.3 *[Evaluering van die betroubaarheid van Bron 1C – V3]*

**Die bron is BETROUBAAR omdat:**

- Dit is ŉ oorspronklike foto wat geneem is by die bekendstelling/stigting van die Komitee vir die Verdediging van Demokrasie
- Dit het ŉ datum, 7 Maart 1988, wat bekend was vir die stigting van die Komitee vir die Verdediging van Demokrasie
- Die bron kan bekragtig/bevestig word deur die inligting in Bron 1B oor die vorming van die Komitee vir die Verdediging van Demokrasie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.4 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 1B en Bron 1C – V3]*
- Bron 1B verduidelik die betrokkenheid van Desmond Tutu in die stryd om bevryding en Bron 1C toon Desmond Tutu se betrokkenheid teen die stryd om vryheid
- Bron 1B sê Tutu het saam met ander kerkleiers gewerk en op die foto word hy saam met ŉ ander kerkleier, Allan Boesak, gesien
- Beide bronne verwys na Desmond Tutu as ŉ organiserende lid van die Komitee vir die Verdediging van Demokrasie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5 1.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- 'geregtigheid'
- 'vaardigheidsontwikkeling'
- 'gemeenskapsprojekte'
- 'teologiese besinning' (enige 2 x 1) (2)

1.5.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- 'Nooddienste aangebied aan slagoffers van apartheidsbrutaliteite'
- 'Fondse insamel vir die wettige regsverteenwoordiging van slagoffers van die stelsel'
- 'Versorg families van aangehoudenes en politieke gevangenes en diegene wat ter dood veroordeel is'
- 'Ondersteun ballinge en fasiliteer hul terugkeer na Suid-Afrika na die ontbanning van die bevrydingsbeweging en vrylating van politieke gevangenes' (enige 2 x 1) (2)

1.5.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
- Gehelp met die vestiging van ŉ demokratiese Suid-Afrika
- Aartsbiskop Desmond Tutu, ŉ lid van die SARK het die voorsitter van die WVK geword
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Die kerk het betrokke geraak by die verset teen apartheid as gevolg van onstabiliteit en onderdrukking wat in Suid-Afrika plaasgevind het (Bron 1A)
- Kerkpastore bedien slagoffers en familielede wat deur slagtings wreedaardig behandel is (Bron 1A)
- Beyers Naudé het gewaarsku dat indien beleide nie verbeter nie sal die kerk "in ŉ oorlog van terrorisme gewikkel is" (Bron 1A)
- SARK het die apartheidstaat heftig tydens die sekretaresse van Naudé en Tutu teengestaan (Bron 1A)
- Tutu het gesê hy verstaan hoekom mense gewelddadig in hul verset was (Bron 1A)
- Desmond Tutu het as lid van SARK vir die gewapende Umkhonto we Sizwe gevange groep in 1984, getuig (Bron 1B)
- Desmond Tutu het nie-geweld gepreek (Bron 1B)
- Die SARK het druk op die internasionale wêreld geplaas om ekonomiese sanksies teen SA op te lê om hulle te dwing om van apartheid afstand te doen (Bron 1B)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



- Kerkleiers het in baie voorvalle konflikte in gewelddadige situasies tussen betogers en die polisie versprei (Bron 1B)
- Tutu het die sogenaamde ‘sellouts’ by die begrafnisse van apartheidslagoffers beskerm (eie kennis)
- Hy het toesprake by begrafnisse van aktiviste gelewer (Bron 1B)
- Tutu was gekant teen brutaliteit deur die staat (eie kennis)
- Die SARK het betrokke geraak by die Komitee vir Verdediging van Demokrasie wat in Maart 1988 bekendgestel is (Bron 1C en 1D)
- SARK het arm swart mense met beurse gehelp (Bron 1D)
- SARK het vaardigheidsontwikkelingsprogramme en -projekte befonds en daaraan deelgeneem (Bron 1D)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:

| | KRITERIA | PUNTE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor watter rol die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke in die stryd teen apartheid in die 1980’s gespeel het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragraaf skryf nie. | **0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse meestal relevant en hou in ŉ groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor watter rol die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke in die stryd teen apartheid in die 1980’s gespeel het.**<br>• Gebruik bewyse op ŉ basiese manier om ŉ paragraaf te skryf. | **3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer ŉ deeglike begrip oor watter rol die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke in die stryd teen apartheid in die 1980’s gespeel het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. | **6–8** |

(8)
**[50]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 2: WAS DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SUKSESVOL OM SUID-AFRIKA MET SY VERDEELDE VERLEDE TE VERSOEN?

2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- 'Om menseregteskendings sedert 1960 te ondersoek' (1 x 2) (2)

2.1.2 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 2A – V2]*

- Om slagoffers en oortreders saam te bring vir die politieke misdade wat gedurende die apartheidsera gepleeg is
- Vir die slagoffers en oortreders om van aangesig tot aangesig te kom, om verskoning en vergifnis te vra
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*

- Hulle het nie gekonsentreer op die besonderhede oor waarom die politieke misdade gepleeg is nie
- Hulle het nie die redes ondersoek waarom die oortreders grusame menseregteskendings teen politieke aktiviste gepleeg het nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*

- Hulle was betrokke by die moorde en die doodmaak op politieke aktiviste
- Hulle wou vervolging en tronkstraf vermy
- Vlakplaas-agente het die apartheidsregime verdedig
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.1.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- 'Mathew Goniwe en drie vriende'
- 'die Pebco Drie'
- 'die Gugulethu Sewe' (3 x 1) (3)

2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- 'Die bevrydingsbewegings' (1 x 1) (1)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*

- FW De Klerk het gevrees dat hy bevooroordeeld sal wees
- Hy sou nie objektief in sy bevindings wees nie
- Dit was algemeen bekend dat Aartsbiskop Tutu pro-ANC was
- Aartsbiskop Tutu was 'n aktivis wat teen die euwels van die apartheidsregime geveg het
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*

- Om eenheid onder Suid-Afrikaners te bevorder
- Om te verhoed dat die gruweldade van die verlede in die toekoms plaasvind
- Om die nuwe dispensasie te laat werk
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- 'as 'n onskuldige slagoffer wat apartheid teengestaan het'
- 'gekant was teen die bevrydingsbewegings se aanvaarding van die gewapende stryd en sanksies' (2 x 1) (2)

2.2.5 *[Bepaling van die bruikbaarheid van Bron 2B – V3]*
**Hierdie bron is BRUIKBAAR omdat:**
- Dit insig gee oor waarom politieke partye by polities gemotiveerde misdade betrokke geraak het
- Dit nie bevooroordeel nie, aangesien dit verskillende sienings oor die werk van die WVK gee
- Dit beklemtoon hoe die NP nie blaam aanvaar het vir die gruweldade wat hulle gepleeg het nie
- Dit die redes waarom die IVP geweier het om met die WVK saam te werk onthul
- Die PAC sy aanvalle op wit Suid-Afrikaners geregverdig het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3 2.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Die finale WVK-verslag word deur Aartsbiskop Tutu gelewer
- Dit openbaar die volumes inligting wat deur die WVK ingesamel is oor die gruweldade wat gedurende die apartheidsera gepleeg is
- Bewerings en beskuldigings van menseregteskendings is swaar teen die NP gelaai
- Die ANC het met ongeloof en onsensitiwiteit gereageer en geglo dat slegs die NP die kwaaddoeners is
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- 'Desmond Tutu' (1 x 2) (2)

2.4 *[Vergelyking van Bron 2B en Bron 2C – V3]*
- Bron 2B dui aan dat die NP ontken dat hy by wydverspreide oortredings betrokke was, en Bron 2C toon letterlik die hoeveelheid misdade wat deur die NP gepleeg is
- Bron 2B dui aan dat die ANC vir die geweld en menseregteskendings geblameer word en Bron 2C wys dat die ANC weg loop en die uitkoms van die verslag wat hulle impliseer ontken
- Bron 2B dui aan dat die PAC die gebruik van geweld regverdig terwyl die IVP en die ANC weier om verantwoordelikheid te neem vir menseregteskendings
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5 2.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*
- 'hulle blameer vir hul bydrae tot die styging in geweld'
- 'deur bewapening en opleiding van selfverdedigingseenhede in 'n onstabiele situasie' (2 x 1) (2)

2.5.2 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 2D – V1]*
- Fundamentele vryheid vir almal sonder diskriminasie teen ras, geslag, taal en godsdiens
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

SA EXAM PAPERS Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.5.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Albei wou nie die verantwoordelikheid vir die gruweldade wat hulle gepleeg het aanvaar nie
- Beide het geglo hulle slagoffers van menseregteskending deur die apartheidsregering was
- Die IVP wou nie blameer word vir politieke geweld nie
- Die ANC het gevoel dat hulle teen 'n onregverdige stelsel veg
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

**SUKSESVOL**
- WVK is gestig om menseregteskendings te ondersoek en gemagtig om amnestie toe te staan (Bron 2A)
- Meer as 1 000 oortreders het amnestie ontvang (Bron 2A)
- Die WVK het 'n terapeutiese rol vervul deur die oortreders toe te laat om hul stories te vertel (Bron 2A)
- Die WVK kon die waarheid openbaar deur oortreders toe te laat om hul stories te vertel (Bron 2A)
- Politieke partye het die geweldsmisdade wat gepleeg is erken (Bron 2B)
- Die WVK het sy mandaat vervul deur 'n verslag oor sy bevindinge in te dien (Bron 2C)
- Die ANC is as huigelaars beskou aangesien hulle ook soortgelyke misdade gepleeg het (Bron 2C)
- Die WVK het die ANC aanspreeklik gehou vir menseregteskendings voor en na 1990 (Bron 2D)
- Die WVK het derdemagaktiwiteite uitgelig (Bron 2D)
- Die geloofwaardigheid van die WVK is betwis toe die finale verslag gewysig is om die IVP se bevindinge in te sluit (Bron 2D)
- Die WVK is dus as suksesvol beskou aangesien dit tot nasiebou en versoening bygedra het (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

**NIE SUKSESVOL NIE**
- Kruisondervraging van slagoffers is nie toegelaat nie (Bron 2A)
- Die politieke partye was nie bereid om enige blaam te neem vir die geweldsmisdade wat gepleeg is nie (Bron 2B en Bron 2C)
- Baie gesinne was nog op soek na antwoorde (eie kennis)
- Oortreders is nie aanspreeklik gehou vir die misdade wat gepleeg is nie (eie kennis)
- Die finale verslag is deur die ANC en IVP betwis (Bron 2D)
- Baie leiers het geweier om voor die WVK te verskyn
- Die WVK het nie sy doelwitte bereik nie aangesien dit nie in staat was om versoening te bewerkstellig nie (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken.

| | KRITERIA | PUNTE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip of die Waarheid-en-Versoeningskommissie (WVK) suksesvol was om Suid-Afrika met sy verdeelde verlede te versoen.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragraaf skryf nie. | **0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse meestal relevant en hou in ŉ groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip of die Waarheid-en-Versoeningskommissie (WVK) suksesvol was om Suid-Afrika met sy verdeelde verlede te versoen.**<br>• Gebruik bewyse op ŉ basiese manier om ŉ paragraaf te skryf. | **3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer ŉ deeglike begrip of die Waarheid-en-Versoeningskommissie (WVK) suksesvol was om Suid-Afrika met sy verdeelde verlede te versoen.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. | **6–8** |

(8)
**[50]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B: OPSTELVRAE

### VRAAG 3: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet aandui of hulle saamstem of nie saamstem of Steve Biko en die filosofie van Swart Bewussyn swart Suid-Afrikaners gemobiliseer het om die apartheidsregering in die 1960's en 1970's uit te daag.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- **Inleiding:** Kandidate moet saamstem of nie saamstem dat Steve Biko en die filosofie van Swart Bewussyn swart Suid-Afrikaners gemobiliseer het om die apartheidsregering in die 1960's en 1970's uit te daag.

**UITBREIDING**

- Politieke vakuum (Agtergrond inligting)
  - ➢ Geskep nadat die ANC en PAC politieke leiers en partye verban of tronkstraf gedurende 1960 gekry het
- Mobilisering van swartes
  - ➢ Bevorder selftrots onder swartes
  - ➢ Om hulleself te aanvaar/om selfvertroue te hê/selfversorgend/begrip van identiteit
  - ➢ Bemagtig swartes om die gees van selfbejammering; minderwaardigheids-kompleks; selfvervreemding en dominansie deur eksterne magte te verwerp
  - ➢ Die stigting van SB was deur die apartheidsregering verwelkom as 'n verlenging van aparte ontwikkeling
- Politieke mobilisasie
  - ➢ Swart studente het begin om hulself te organiseer deur wit oorheersing te verwerp deur van NUSAS weg te breek en SASO (1968) te stig
  - ➢ Swart studente het die filosofie van Swart Bewussyn aangeneem (Rol van Biko/ SASO)
  - ➢ SASO was vir universiteitstudente en SASM vir skole
  - ➢ SB gee aanleiding tot die stigting van die Swart mense se Konvensie (BPC) in 1972 wat studente, kerkgemeenskappe en werkersunies ingesluit het
  - ➢ Unies wat hulle het met die SB-filosofie vereenselwig was die Swart Ouers Vereniging (Black Parents Association) en Black Allied Workers Union (BAWU) ingesluit
  - ➢ Die Suid-Afrikaanse Studentebeweging was in 1972 gestig en het swartes aan die ideale van die SB blootgestel
  - ➢ Skorsing van Tiro wat aanleiding gee tot studente betogings gegee het
  - ➢ BCM en SASO het FRELIMO-saamtrekke (1974) gereël
  - ➢ Skorsing van studente uit universiteit
  - ➢ Die arrestasie van SB-leiers het politieke aktivisme verhoog


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



- Studentemobilisasie
  - Bantoe-onderwys het Afrikaans as onderrigmedium by skole ingestel (1975)
  - SASO en SASM het die stigting van die Soweto Studente Verteenwoordigende Raad (SSVR) beïnvloed
  - Beide swart onderwysers en studente het Afrikaans as die taal van die onderdrukker verwerp
  - Sommige onderwysers en leerders was reeds aan Biko se idees en SB-filosofie deur SASO-studente-onderwysers van die universiteite af blootgestel
  - Die departementele omsendskrywe oor Afrikaans (50/50) was die sneller vir die Soweto-opstand
  - Op 16 Junie 1976 het studente vreedsaam teen die implementering van die omsendskrywe protesteer
  - Polisiereaksie op die studentoptogte (Hector Petersen, ’n 13-jarige seun, was die eerste ongevalle van die opstand)
- Mobilisasie deur middel van Gemeenskapprogramme
  - Biko se verbanning na King Williams Town het die fokus gemeenskap-programme afgelei
  - Mamphele Ramphele se verbanning na Tzaneen
  - SB ondersteun onafhanklikheid van wittes deur middel van die Swart Gemeenskapsprogramme om swartes te ondersteun sonder wit ondersteuning. (Zanempilo Gesondheid Kliniek/Ginsburg Opvoedingstrust/ Zimele Trust Fonds/Solempilo Gemeenskapsggesondheidsentrum/Ithuseng Gemeenskapgesondheidprogramme en Winterskool-projekte)
- Mobilisasie deur Arbeid
  - Mobiliseer werkers om vakbonde te stig
  - SB het gelei tot die stigting van die Black Allied Workers Union (BAWU) – werkersstaking in 1973 in Durban
- Dood van Biko (1977) in polisie aanhouding
- 19 Oktober 1977 verbanning van 19 organisasies wat verbintenisse met SB gehad het
- Mobilisasie deur die Media
  - Rol van die media was simpatiek teenoor die SB-filosofie, bv. *The World*- en *The Weekend World*-koerante was gesluit
- Enige ander relevante antwoord

- **SLOT:** Kandidate moet hul argument saamvat met ’n relevante gevolgtrekking opsom. **[50]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 4: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

*[Beplan en konstrueer ŉ oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

### SINOPSIS

Kandidate moet krities bespreek hoe toewyding en kompromie sleutelrolle in die handhawing van die onderhandelingsproses gespeel het wat uiteindelik tot ŉ nuwe demokratiese Republiek van Suid-Afrika in 1994 gelei het.

### HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- **Inleiding:** Kandidate moet krities bespreek hoe toewyding en kompromie sleutelrolle in die handhawing van die onderhandelingsproses gespeel het wat uiteindelik tot ŉ nuwe demokratiese Republiek van Suid-Afrika in 1994 gelei het.

### UITBREIDING

- De Klerk kom in 1989 aan bewind – kort agtergrond
- De Klerk se toespraak in die parlement op 2 Februarie 1990
- Het gelei tot die ontbanning van politieke en burgerlike organisasies soos die ANC en SAKP
- Die opheffing van beperkings op COSATU, AZAPO ens.
- Groote Schuur-minuut, 2 Mei 1990 (ANC en NP ontmoet: ANC-afvaardiging onder leiding van Nelson Mandela en die NP-afvaardiging onder leiding van FW de Klerk)
- Apartheidswetgewing herroep soos die Wet op Afsonderlike Reservering van Geriewe
- Pretoria-minuut, 6 Augustus 1990 (ANC het ingestem om die gewapende stryd op te skort)
- KODESA 1 (19 politieke partye uitgesluit AZAPO, CP en PAC – 300 afgevaardigdes het vergader)
- Geweld breek uit in sommige dele van Suid-Afrika soos die Witwatersrand en Natal
- Slegs blankes referendum en die impak daarvan (Maart 1992) (toewyding)
- CODESA 2 (2 Mei 1992) het ineengestort. Partye kon nie ooreenkom oor ŉ nuwe grondwetmakende liggaam en tussentydse regering nie
- NP wou minderheidsveto hê terwyl ANC ŉ tussentydse regering vir nie langer as 18 maande en gewone meerderheidsregering wou hê nie
- Boipatong-slagting (17 Junie 1992) en die gevolge daarvan
- Bisho-slagting (7 September 1992) het die proses van onderhandelinge amper ontspoor
- Rekord van Verstandhouding onderteken op 26 September 1992 tussen Roelf Meyer (NP) en Cyril Ramaphosa (ANC) (toewyding)
- Sluipmoord op Chris Hani (10 April 1993) en die impak daarvan op Suid-Afrika (toewyding)
- Belangrikheid van die Veelparty-onderhandelingsforum vir Suid-Afrika se toekoms (toewyding)
- Regsgesinde (AWB) aanval op die World Trade Centre en die gevolge daarvan

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



- Sonsondergangklousule wat deur Joe Slovo ingestel is, het die dooiepunt van onderhandelinge verbreek (toewyding en kompromie)
- St James-slagting in Julie 1993 – APLA begin skiet – 11 gedood en 58 gewond
- Heidelberg Tavern-slagting – 31 Januarie 1993
- Shell House-slagting
- Verkiesingsdatum – 27 April 1994 aangekondig (toewyding)
- Motorbomme – ANC-hoofkantoor en Jan Smuts-lughawe
- ANC het verkiesings gewen en Mandela het die eerste swart Suid-Afrikaanse president geword
- Enige ander relevante antwoord

- **Slot**: Kandidate moet hul argument met 'n relevante gevolgtrekking saamvat. **[50]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 5: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989.

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

### SINOPSIS

Kandidate moet aandui tot watter mate beleidsveranderinge deur Mikhail Gorbachev in die Sowjetunie vanaf 1985 tot die verbrokkeling daarvan in 1991 gelei het, maar ook positiewe resultate op Suid-Afrikaanse politiek gehad het.

### HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit.

- **Inleiding:** Kandidate moet standpunt inneem en demonstreer tot watter mate beleidsveranderinge deur Mikhail Gorbachev in die Sowjetunie vanaf 1985 tot die verbrokkeling daarvan in 1991 gelei het, maar ook positiewe resultate op Suid-Afrikaanse politiek gehad het.

### UITBREIDING

- Gorbachev het in 1985 op 54-jarige ouderdom die sekretaris-generaal van die CPSU en leier van die regering geword
- Hy was nie 'n geharde nie en het gehoop om die Sowjetunie se ekonomie te laat herleef deur beide nywerheidsuitset en tegnologie te verbeter, asook om hulle markte uit te berei
- Hy het 'n groot risiko geloop om politieke verandering te bewerkstelling, veral vir die Sowjetunie, bekend vir sy geharde kommunistiese houding
- Hy wou die Sowjetunie uit 'n swak ekonomiese stelsel haal – weens ruimte en wapenwedloop met die VSA
- In 1985 het hy Perestroika (Ekonomiese heropbou) en Glasnost (openlikheid) bekendgestel
- Perestroika het kleinskaalse privaat eienaarskap toegelaat en regeringsbeheer oor produksie verwyder
- Perestroika en glasnost het tot eise dat kommunisme beëindig word en volle demokrasie gelei
- Glasnost het gelei tot kritiek op die beleid van Perestroika en Gorbachev self
- Baie stoere kommuniste was ontevrede met beleide wat ongewild geword het
- By die huis het hy twee tipes teenstaanders gehad: gehardes wat gekant was teen die hervormings en liberale wat hom gekritiseer het omdat hy nie vinnig genoeg beweeg nie
- Die twee beleide het mekaar nie ondersteun soos daarna uitgesien nie, maar het die hele stelsel van die Sowjetunie beëindig
- Hy het steun by die huis verloor – Eenheid van die Sowjetunie was in gevaar en Sosialisme is bedreig geraak
- Hy het 'n heldestatus aan die Weste gebied. Sy persoonlike mag en aansien het toegeneem
- Hy het in 1990 'n edele prys vir vrede ontvang
- Baie onderliggende verskille het tussen die 15 Republieke bestaan
- Burgerlike onrus het onder verskillende groepe uitgebreek
- Ou vorm van nasionalisme het te na vore gekom en tot nuwe eise vir onafhanklikheid gelei

SA EXAM PAPERS Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



- Hy het probeer om die disintegrasie te stop deur die stigting van ŉ Federasie van State voor te stel – wat misluk het
- In 1990 het verskeie Sowjet-state, insluitend Rusland onder Gorbachev se bitter mededinger, Boris Yeltsin, hulle onafhanklikheid verklaar
- Op 25 Des. 1991 is USSR die Kommunistiese Party ontbind
- Elkeen van die 15 Republieke het onafhanklik geword en lede van die Statebond van Onafhanklike State geword
- Die verbrokkeling het die einde van die Koue Oorlog gesimboliseer

**Positiewe resultate van Gorbachev se hervormings op Suid-Afrikaanse politiek**

- Gesprekke tussen die NP en ANC in ballingskap
- Die ineenstorting van die Sowjetunie plaas druk op beide die Nasionale Party en die ANC om te begin onderhandeling
- Die nederlaag van die SAW tydens die Slag van Cuito Caunavale in 1988 het die Nasionale Party aangemoedig om met kommuniste te onderhandel oor die onafhanklikheid van Suidwes-Afrika
- FW de Klerk het hervormingswette voorgestel wat tot onderhandelinge tussen die Nasionale Party en die ANC gelei het
- Suid-Afrika onttrek uit Suidwes-Afrika – SWAPO het die verkiesing gewen (1990) en dit Namibië genoem
- Die vreedsame oorgang vanaf blanke minderheidsregering tot Swart meerderheidsregering in Namibië het as ŉ bloudruk vir SA gedien om dieselfde te doen
- Dit het duidelik geword dat die Nasionale Party nie blanke oppergesag-regering onbepaald kan handhaaf nie
- Invloedryke Nasionale Party-lede het begin besef dat apartheid nie die antwoord was vir die ontwikkeling van ‘blanke ekonomiese’- belange nie
- Die regering het begin glo dat hervormings nodig was vir die ontwikkeling van ŉ sterk swart middelklas as ŉ ‘bolwerk teen rewolusie'
- Die Suid-Afrikaanse regering kon nie meer die bedreiging van kommunisme gebruik om Westerse ondersteuning te kry nie
- Suid-Afrika kon nie meer op Westerse steun staatmaak vir sy anti-kommunistiese standpunt nie
- Wêreldpolitiek het verander en die het ŉ invloed op Suid-Afrika se Apartheids-beleid
- Die apartheid regime kon nie meer kommunisme gebruik om sy rassesegregasie beleid te regverdig nie
- Die Nasionale Party se aandrang dat dit Suid-Afrika van ŉ kommunistiese aanslag beskerm het, het onrealisties geword
- De Klerk het gedink dat die ANC swak was deur sy gewilligheid gewys om met hulle te onderhandel
- Die USSR kan nie meer die ANC finansieel ondersteun nie want dit was bankrot
- Die USSR wou nie meer die ANC met wapens ondersteun nie omdat dit ten gunste van vreedsame onderhandeling was
- Die ANC was nie meer in staat om die gewapende stryd teen die NP voort te sit sonder hierdie militêre en finansiële ondersteuning nie
- Die ANC het ook nou ŉ bereidwilligheid getoon om met die NP te onderhandel as ŉ alternatief vir die gewapende stryd
- FW De Klerk het begin aanvaar dat die swart stryd teen apartheid was nie ŉ sameswering wat uit Moskou bestuur was nie

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



- Dit het De Klerk in staat gestel om met die bevrydingsorganisasies te onderhandel om ŉ blywende oplossing vir Suid-Afrika te kry
- Op 2 Februarie 1990 het De Klerk ontbanning van alle anti-apartheidorganisasies aangekondig en dit het die weg gebaan vir veelparty onderhandeling
- Hierdie onderhandeling het uiteindelik aanleiding gegee tot demokratiese verkiesings wat gedurende 1994 gehou was
- Enige ander relevante antwoord

- **Slot:** Kandidate moet hul argument saamvat met ŉ relevante gevolgtrekking opsom. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS
Proudly South African